



Van die Burgemeester From the Mayor

Liewe Inwoners

Ons is halfpad deur 2021! Ek kan dit amper nie glo nie. Dit voel asof Kersfees gister was. Maar hier is ons, en daar lê nog baie take voor vir die volgende 6 maande.

Verkiesing

Soos u teen die tyd weet, het President Ramaphosa onlangs die verkiesingsdatum vir die plaaslike regeringsverkiesing aangekondig. Op 27 Oktober 2021 sal ons weer na die stembus toe gaan en ons kruisies trek. Tog is daar baie mense wat onseker is waarvoor hierdie verkiesing gehou word en dink ons stem weer vir 'n president. Daarom gebruik ek somer die geleentheid om vir die wat wonder, 'n bietjie duidelikheid te gee.

In Suid-Afrika is daar twee stelle verkiesings. Die eerstes is die Provinsiale en Nasionale Regeringsverkiesings, wat sedert 1994 elke 5 jaar plaasvind. Dit is wanneer ons vir die Nasionale President stem en vir die Premier van die provinsie waarin ons woonagtig is. Die mees onlangse Nasionale en Provinsiale verkiesing was in 2019.

Dan het ons die plaaslike regeringsverkiesings, wat sedert 1996 elke 5 jaar plaasvind. Tydens hierdie verkiesings stem ons vir die rade van ons plaaslike en distriksmunisipaliteite. Dit beteken dat u stem vir die raadslid wat u graag wil hê u wyk moet verteenwoordig asook die kandidaat/partye wat u graag wil

Dear Residents,

We are halfway through 2021! I can hardly believe it. It feels like Christmas was only yesterday. But here we are and there is still a lot that needs to happen in the next 6 months.

Election

As you know by this time, President Ramaphosa recently announced the election date for the local government election. On 27 October 2021 we will again go to the polls to make our marks. There are still many people who are uncertain about what we are voting for and think we might be voting for a president again. I'll use this opportunity to provide some clarity.

In South Africa we have two sets of elections. The first is the Provincial and National Elections that has taken place every five years since 1994. That is when we vote for a national president of the country and for the premier of the province in which we live. The most recent National and Provincial Election was held in 2019.

Then we have local government elections which have taken place every 5 years since 1996. During these elections we vote for the councils of our local and district municipalities. That means that you vote for the councillor that you would like to represent your ward in council as well as the political party/candidate you would like to have in control of the town in which you live. The most recent local government election was in 2016 with a few by-elections that took place during the past 5



*Uitvoerende Burgemeester/
Executive Mayor*
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

Let's Fix It

Please report all water, electrical, roads, stormwater, refuse removal and area cleaning issues to the Municipality directly:

Stellenbosch / Klappmuts /
Kayamandi / Jamestown / Raithby
021 808 8215 / 8953 / 8343

Dwarsrivier Region / Franschhoek
021 808 8632

AFTER HOURS FOR ALL REGIONS
021 808 8890 / 8891

Alternatively, send an email to
engineering.services@stellenbosch.gov.za
or **WhatsApp** us on **0769510768**

If we don't know about it, we cannot fix it!



hê moet in beheer wees van die dorp. Die mees onlangse plaaslike regeringsverkiesing was in 2016, met 'n paar tussenverkiesings wat plaasvind in die 5 jaar wanneer wyksraadslede afsterf of bedank.

Om deel te neem aan enige van die verkiesings moet u korrek geregistreer wees by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK). Dit beteken dat alle Suid-Afrikaanse burgers, wat 18 jaar of ouer is, met geldige identiteitsdokumentasie, na die OVK moet gaan en gaan registreer om te stem. 'n Bewys van adres moet ook getoon word om te verseker dat u korrek geregistreer word vir die wyk waarin u bly. Indien u onlangs getrek het, al is dit binne dieselfde dorp, moet u weer na die OVK gaan en gaan herregistreer. Alle geregistreerde kiesers word ook aanbeveel om hul registrasies na te gaan omdat wyksgrense moontlik verander het. Die OVK is van plan om 'n registrasienaweek op 17 en 18 Julie 2021, te hou waar alle stempunte sal oop wees vir registrasie en herregistrasie. Die registrasienaweek sal plaasvind op 17 en 18 Julie. Inwoners hoef egter nie te wag vir die registrasie naweek nie en kan na die naaste OVK kantoor gaan om te registreer. Om u registrasiestatus na te gaan kan u na die OVK se webblad gaan by www.elections.org.za of u kan u ID nommer SMS na 32810.

Doen 'n bietjie ekstra moeite en maak seker u is geregistreer om te stem. Elke liewe verkiesing is daar mense wat na my toe kom en sê hulle wil stem maar het nooit geregistreer nie. As u nie betyds registreer nie, kan ons u ongelukkig nie help nie.

Plaaslike sukses met landbouhervorming

U sal onthou dat ons in 2019 begin het met die proses om munisipale grond beskikbaar te maak vir plaaslike opkomende boere. Dit het gebeur na afloop van die goedkeuring van ons beleid oor die bestuur van munisipale landbougrond, wat daarna streef om alle ongebruikte munisipale landbougrond aan veral opkomende voorheen benadeelde opkomende boere beskikbaar te stel. Dit vorm deel van ons fokus om geleenthede te skep vir ekonomiese ontwikkeling en so volhoubare positiewe transformasie teweeg te bring.

Ek het onlangs die voorreg gehad om saam met die Provinsiale Minister van Landbou, Dr Ivan Meyer, van hierdie opkomende boere te besoek en vir hom te wys dat verantwoordelike en volhoubare ekonomiese ontwikkeling en transformasie, moontlik is. Ek kan nie vir u beskryf hoe trots ek is op hierdie boere nie. Hulle het volhard deur 'n moeilike 2020 en is vandag plaaslike verskaffers van vrugte en groente aan ondernemings soos Golden Harvest, Subtropica, Epping Market, In2Food, Watergate Herbs en ander plaaslike instellings. Hulle het ook werksgeleenthede geskep vir ander inwoners. So word welvaart geskep en ons opkomende boere ge-ondersteun en nuwe geleenthede gebied. Ek voel regtig soos 'n trotse ouer! Soos daar nog grond beskikbaar word, adverteer ons dit en sluit ons kontrakte met die opkomende boere wat suksesvol aansoek doen.

years to replace ward councillors who resigned or passed away.

To participate in any of these elections, you must be correctly registered with the Independent Electoral Commission (IEC). That means that all South African citizens, 18 years or older, with a valid identification document should be registered with the IEC to vote. 'n Proof of address should be taken with you to ensure that you are correctly registering or registered in the correct ward. If you recently moved, even if it is within the same town, you must reregister with the IEC. It is advisable that all registered voters check their registration status because ward boundaries could have been adjusted since the last election. The IEC is planning to have a registration weekend where all the voting stations will be open for registration and/or reregistration. This will take place during the weekend of 17 & 18 July. Residents however do not have to wait for registration weekend. You can go to your nearest IEC office to register. To check your registration status you can visit the IEC website on www.elections.org.za or u can SMS your ID number to 32810.

Please make the effort and register to vote. Every single election there are people who come to me and say they want to vote but never registered. Unfortunately, if you do not register on time, we cannot assist you.

Local success with land transformation

You will remember that in 2019 we began the process of making municipal land available to local emerging farmers. This was possible following the approval of our policy on the management of municipal agricultural land that focuses on making all unused municipal agricultural land available to emerging and previously disadvantaged farmers. This forms part of our focus to create opportunities for economic development and to bring about sustainable and positive transformation.

I recently had the honour of visiting these emerging farmers with the Provincial Minister of Agriculture, Dr Ivan Meyer, and to show him that responsible and sustainable economic development and transformation is possible. It is almost impossible for me to tell you just how proud I am of these farmers. They persisted during a very difficult 2020 and today they are local suppliers of fruits and vegetable to businesses like Golden Harvest, Subtropica, Epping Market, In2Food, Watergate Herbs and other local institutions. They have also created job opportunities for other residents. I feel like a proud parent! As more land becomes available, we advertise it and we sign agreements with up and coming farmers who apply successfully.

Our long term goal for the future is to give ownership to emerging farmers that demonstrates their abilities of making a success of it. As a municipality we help to

Ons langtermyn doel is om in die toekoms eienaarskap te gee aan die opkomende boere wat wys dat hulle hiervan 'n sukses kan maak. As munisipaliteit help ons ook verhoudings te fasiliteer tussen die opkomende boere en die provinsiale Departement van Landbou. Ons help ook om infrastruktuur vir hulpbronne soos water te installeer. Dit is 'n klein begin, maar 'n bewys dat suksesvolle grondhervorming moontlik is, mits dit op 'n verantwoordelike wyse aangepak word.

Hierdie boere het egter ook baie hulp nodig – as enigeen van u enige bydrae; van implemente tot saad kan bydra, sal dit baie waardeer word.

Reën en Winterweer

Dit is winter, en saam met die winter kry ons lekker reën. Daar is vir my min dinge so lekker as om na die water op die dak te luister, want water is lewe. Vir baie inwoners in ons vallei is die nat en koue weer egter 'n nagmerrie omdat dit oorstromings en skade veroorsaak. Veral inwoners wat in informele strukture bly trek swaar gedurende die winter. Die nood is groot en ons probeer help waar ons kan.

Ek wil inwoners aanmoedig om dwarsdeur die winter seker te maak dat alle waterafvloeiore, slote en geute skoon is sodat water nie opdam êrens en skade veroorsaak nie. Ons probeer deurlopend ook veral inwoners wat in informele strukture bystaan wanneer hulle geaffekteer word deur oorstroming en vloede. Daar blyk egter verwarring te wees oor wanneer inwoners met bystandspakkies vir vloede gehelp word.

Die uitdeel van bystandspakkies word streng gereguleer om seker te maak mense maak nie misbruik daarvan nie. Wanneer skade aangemeld word, word dit verwys na die hoof van ons Rampbestuurafdeling. Ons Brandweerdienstebevelvoerders en ons behuisingsamptenare word gevra om die situasie te ondersoek en dan terug te rapporteer aan die hoof van Rampbestuur. Wanneer die assessering voltooi is word daar beslis of daar dit wel 'n vloedsituasie is of nie, en daarna word die nodige hoeveelheid bystandspakke voorsien en afgelewer. Die slagoffers moet ook teken om ontvangs van die pakke te erken. Die hele proses word so gou as moontlik voltooi, maar is nodig om seker te maak dat ons mense help wat regtig in nood verkeer, en nie kansvatters nie, omdat ons hulpbronne beperk is. As u op enige wyse 'n bydrae wil maak, kontak asseblief my kantoor – elke bydrae word verwelkom.

Titelaktes

Ek het onlangs weer die voorreg gehad om nog 77 titelaktes aan inwoners van Idasvallei te gee. Hierdie titelaktes is deel van die Idasvallei Behuisingsprojek en is die eerste behuisingsprojek in die area in amper 4 dekades. Dit is 'n gemengde behuisingsprojek wat 113 GAP huise (bekostigbare huise vir eerste keer kopers) asook 87 ten volle gesubsidieerde huise insluit vir begunstigdes.

COVID-19 het die oordrag en registrasie van die titelaktes bietjie vertraag, maar ek was so dankbaar dat ons weereens aan

facilitate relationships between emerging farmers and the provincial Department of Agriculture. We also assist with the installation of basic services such as water and electricity. It is a small start but proof that successful land reform is possible if done in a responsible manner.

These farmers however do need a lot of help, if anyone can contribute in any way, from implements to seed, it will be greatly appreciated.

Rain and Winter Weather

The winter has arrived and along with the cold weather we have been blessed with good rains. There are few things that I enjoy as much as sitting in my house and listening to the rain falling on the roof, because water is life. For many of our residents in the valley, the wet and cold weather is however a bit of a nightmare because it has the potential to cause flooding and damage. Residents who live in informal structures are particularly affected during the winter months. The need is great and we try to assist wherever possible.

I want to encourage residents to make sure that gullies, waterways and storm water drains are clean and clear throughout the winter to prevent water from pooling and causing flooding. We try to assist residents living in informal structures when they are affected by flooding. There seems to exist some confusion around when we assist residents with emergency kits for flooding.

The handing out of emergency kits are strictly regulated to make sure that people do not abuse it. When damage is reported, it is directed to the head of our Disaster Management Section. Our Fire Services commanders and housing officials are then tasked with assessing the situation and to report back to Disaster Management. When the assessment has been completed and it has been determined that there has been a flooding emergency, the necessary number of emergency flood kits are issued and delivered. The victims must also sign for it. The entire process is completed as quickly as possible but it is necessary to ensure that only those who are in real need, and not chancers, receive the necessary assistance because our resources are limited. If you want to make a contribution to winter aid relief, please contact my office. Any assistance is more than welcome.

Title Deeds

Recently, it was again my privilege to hand over another 77 title deeds to residents in Ida's Valley. The title deeds are part of the Ida's Valley Housing project and is the first project in the area in almost 4 decades. It is a mixed housing project that consists of 113 GAP houses (affordable houses for first time buyers) as well as 87 fully subsidised housing for beneficiaries.

COVID-19 delayed the transfer and registration of these title deeds a bit but I was so grateful that we can once again give residents the freedom of ownership. I was so kindly and

inwoners die vryheid van eienaarskap kan gee. Ek was so hartlik ontvang deur al die inwoners. Die trots wat hulle in hul huise het, en die moeite wat hulle doen om hul huise en erwe mooi te maak, het my diep geraak. Die pragtige tuine wat ek oral gesien het, het my somer geïnspireer om nog harder te werk. Ek wil ook net dankie sê vir Khaya Lam Projek, wat deel is van die Free Market Foundation, wat ons help met kostes en die administratiewe take om die oordrag van titelaktes te bespoedig. Hulle bystand is vir ons van onskatbare waarde. Sedert 2016 het ons nou meer as 2000 titelaktes oorgedra aan begunstigdes van regoor ons vallei, en die volgende geleentheid is reeds op die boeke!

COVID-19

COVID is steeds met ons. Ek kan dit nie genoeg sê nie, maar kom ons hou asseblief by die voorkomende protokolle en dra ons maskers en reinig ons hande gereeld! Die nasionale regering is ook nou besig met die volgende fase van die inentingsprogram teen COVID. Inwoners wat 60 jaar en ouer is moet asseblief gaan registreer om die entstof te ontvang. Gaan na <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/>. Die webblad sal u stap vir stap deur die proses vat. Inwoners wat nie internettoegang het nie kan 0860 142 142 skakel en 'n boodskap los of *134*832# skakel of die woord REGISTER WhatsApp na 0600 123 456.

Ek wil alle persone wat kwalifiseer vir die entstof aanmoedig om te registreer en die inenting te kry. Hoe meer mense ingeënt is hoe vinniger sal ons kan beweeg na tropimmunitet, soos die slim mense dit noem, en sal ons weer normaal kan begin lewe, sonder maskers en beperkings. Soos met alle inentings, voorkom dit nie noodwendig die siekte nie, maar dit keer dat u dodelik siek word en in die hospitaal eindig of doodgaan. Baie mense het vroeë ook hieroor en my raad is dat u met u huisdokter daarvoor praat. Daar is so baie vals nuus wat die rondte doen dat u asseblief nie elke Jan Rap en sy maat moet glo nie. Moenie altyd alles glo wat u op die internet lees of hoor nie. Praat eerder met 'n dokter – hulle is opgeleide kenners !

Ek hoop u geniet die kouer weer, dit is vir my net so lekker en bring weer ander plesiertjies as die somer. Drink maar die vitamies en wees maar versigtig vir groot groepe mense.

Tot volgende keer.

*Beste Wense
Burgemeester Gesie*

graciously received by all the residents. The pride they have in their homes and the effort they put in to beautify their gardens, touched me deeply. The beautiful gardens everywhere inspired me to work even harder. I also want to thank the Khaya Lam Project that form part of the Free Market Foundation, that helps us with the costs and administrative work to speed up the transfer and registration of every title deed. Their assistance has been invaluable. Since 2016 we have transferred more than 2000 title deeds to beneficiaries from across our entire valley and the next event is already on the books!

COVID-19

COVID is still with us. I simply cannot say this enough: Please stick to the COVID protocols, wear your masks and sanitize your hands regularly! The national government has now started with the next phase of the vaccination program against COVID. Residents who are 60 years and older must please register to receive the vaccine. Go to <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/>. The website will take you through the registration process, step by step. Residents who do not have internet access can call 0860 142 142 and leave a message or dial *134*832#. You can also WhatsApp the word REGISTER 0600 123 456.

I want to encourage all persons who qualify for the vaccine to register and to get vaccinated. The more vaccinated people there are, the more quickly we can move to herd immunity, and will we be able to live normally again without masks and restrictions. As with all vaccinations, it does not necessarily prevent the disease, but it can prevent serious illness and fatalities. Many people have questions about vaccination and my advice is to talk to your house doctor about it. There is a lot of fake news doing the rounds so please do not believe every Tom, Dick or Harry. Don't always believe everything you read or see on the internet. Rather speak to your doctor – they are trained experts!

I hope you enjoy the cooler weather. I enjoy it a lot and all the other pleasures it brings. Stock up on the vitamins and please avoid large groups of people for the time being.

Until Next time

*Best Wishes
Mayor Gesie*